

Die Matie wie hy werklik was

Vriend, kollega, jagmaat - hoe beskryf 'n mens in 'n paar woorde 'n vriendskap en kollegaskap wat al 27 jaar lank kom? Ons het baie hard saamgewerk, baie gepraat oor God, die kerk, Sy Woord, maar ook baie gelag en lekker saam gekuier. Ons het op ver paaie in die jagveld gegaan en niemand kon 'n lekkerder ontbyt in die veld maak van roibok lewer, eier en sampioene nie. Ons het dieselfde siening oor kerkwees, gelowig wees, werketiek en nog so baie ander dinge gedeel. As kollegas by Nuwekerk in Graaff-Reinet kon ons altyd lekker saamwerk - twee uiteenlopende mense, maar juis dit het gemaak dat ons mekaar in die bediening kon aanvul.

Ook by die Bybelgenootskap het ons uitstekend saamgewerk. Matie was die een in die span wat graag buite gewerk het - met donateurs, kinders, 'n groot verskeidenheid van kerke oor die hele spektrum van kerkwees en veral met sakemense. Sy taalvermoë het hom gewild gemaak by almal. Soms moes ek vir hom aansê om net 'n slag 'n afdag te neem wanneer sy ywer vir die verspreiding van die Woord hom net laat aanhou en aanhou het. Dikwels het hy net vir my gelag en aanhou werk. Die mooi Afrikaanse woord *onkreukbaar* kom by my op as ek aan hom dink. Hy het geen geheime agendas gehad nie: die Matie wat jy voor jou gesien het, was die Matie wie hy werklik was. Onder die personeel was hy baie gewild, nie omdat hy hulle maatjie was nie, want hy kon goed streng wees waar nodig, maar omdat hy almal se belange op sy hart gedra het en meer as die tweede myl saam geloop het. Sy kollegas by Bybelgenootskap het hom as persoon, maar ook sy siening oor baie sake, hoog aangeslaan.

Ons gaan hom as kollega hier in die kantoor en ook in breër verband ontsettend mis en baie moeilik vervang, maar dit is veral as mens wat ons hom die meeste gaan mis. Dit is deesdae stil met teetyd!

[Ingestuur deur Ds Ben Fourie en die Bybelgenootskap-pesoneel]